netwerk24.com

# Jan Bosman: Lojale lesers só versaak

Send to Kindle




’n Leser met ’n uitgawe van ’Beeld’ by die koerant se lesersontbyt wat op 25 Mei gehou is. Foto: Christiaan du Plooy

Ons het met diepe ontsteltenis verneem van die voorneme van Media24 om die gedrukte uitgawes van *Beeld*, *Rapport*, *City Press*, *Daily Sun* en *Soccer Laduma* en die digitale uitgawes van *Volksblad* en *Die Burger Oos-Kaap* te sluit. Uit die geledere van die Afrikanerbond is daar, benewens ontsteltenis, ook vrae en ’n gevoel van verlies oor die saak.

Daar is begrip vir die noodsaak van maatskappye soos Media24 om aandeelhouers tevrede en gelukkig te hou, maar die indruk is tog dat dit die enigste rede vir die voorgenome plan is. Vergete is die tradisionele

kliëntebasisse en lojale lesersgemeenskappe wat oor dekades gehelp het om Afrikaanse koerante uit te bou tot ’n mediahuis van formaat.

Die indruk is dat die magtige mediagroep nou deur internasionale portefeuljes gelei en gedryf word en dat die Afrikaanse koerant in die pad staan van groter winste en groter dividende.

Hulle het met vernuf en toewyding instellings geword.

Ons is terdeë bewus dat sakebeginsels in die huidige ekonomiese klimaat ’n belangrike rol speel, maar dit kan nie en mag nie ten koste wees van instellings soos *Volksblad*, *Beeld* en *Rapport* wat ’n belangrike rol in die noorde van die land vervul nie.

In die oënskynlike proses van winsbejag het vervreemding ingetree tussen die beheerstruktuur met ’n sakemotief aan die een kant en aan die ander kant die kultuur en behoeftes van hul lojale Afrikaanse lesers en ondersteuners.

Dit is waarom Afrikaanse lesers, veral in die noorde, dit as ’n geweldige groot verlies ervaar.

Hierdie drie koerante het in die streek van die land elkeen op sy eie manier ’n besondere rol in die gemeenskap gespeel wat hulle gedien het. Hulle het met vernuf en toewyding instellings geword in Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Noordwes, Mpumalanga, die Vrystaat en die Noord-Kaap se Afrikaanse gemeenskappe.

Dit lyk asof ’n kommersiële besluit wat in ’n raadsaal geneem is nou swaarder weeg as die daadwerklike bydrae tot die opbou van Afrikaans.

Juis in die huidige politieke tydgleuf moet koerante se rol bevorder word. Vryheid van politieke uitdrukking, van spraak en van die media is sentraal in enige demokrasie. Die rol wat *Beeld*, *Volksblad* en *Rapport* in die verlede en die huidige tydsgewrig in dié verband gespeel het, moenie onderskat word nie. Die

gedrukte koerant was die voedingsaar van Afrikaanse menings en verskille, inligting en kommunikasie, nuus en aktualiteit en gemeenskapsnuus.

Dit lyk asof ’n kommersiële besluit wat in ’n raadsaal geneem is nou swaarder weeg as die daadwerklike bydrae tot die opbou van Afrikaans deur die gedrukte koerant, en die konteks waarin inligting aan lesers gebied is. Daar is die skrale troosprys dat *Die Burger* nog in die Kaap gedruk en versprei gaan word, terwyl die res van die land op aanlyn nuus aangewese moet wees.

*Beeld*, *Volksblad* en *Rapport* het die Afrikaanse gemeenskap met onderskeiding gedien. Terwyl aanlyn platforms die toekoms is en wel toegang tot ’n groter leserstal bied, is daar steeds gemeenskappe wat nie maklike toegang het tot digitale platforms nie. Die diep platteland, wat ’n koerant ’n dag of wat ná publikasie ontvang, lesers in aftreeoorde en vele meer sal swaar getref word deur so ’n finale besluit.

Verloor jy ’n koerant, verloor jy die siel van jou kultuurgemeenskap.

*Beeld*, *Volksblad* en *Rapport* was in baie gevalle meer as net ’n nuusbron. Hulle was ’n groot deel van die gemeenskappe wat hulle dien se lewenswyse. Van politiek tot kultuur tot sport, meningstukke en redaksionele kommentare, spotprente en geestelike dagstukke, briewe en blokkiesraaisels en kuns en vermaak . . . ink aan die vingers en die reuk van nuus. Dít is ’n koerant. En dit is ’n gevoel wat aanlyn platforms nie kan bied nie.

Hierdie koerante het hul lesers oor dekades geslyp in politieke denke en menings. Dit het Afrikaners se geskiedenis gedokumenteer, ons suksesse en ons mislukkings, ons skandale en prestasies. Verloor jy ’n koerant, verloor jy die siel van jou kultuurgemeenskap.

Hierdie koerante het ook uitlaatkleppe vir vryheid geword. Afrikaners het oor dekades polities verskil, maar hierdie verskillende menings en oortuigings is in koerante gehanteer en moontlik gemaak deur vryheid van spraak, oordrag van inligting en kulturele uitdrukking.

Die kernwaardes wat koerante verteenwoordig – deursigtigheid, aanspreeklikheid en vryheid – is onontbeerlik vir die gesondheid van ’n demokratiese samelewing.

Hier van die kantlyn af lyk dit asof Media24 ’n kommersiële besluit geneem het.

Besluite kan egter altyd hersien word. Dit gaan hier oor meer as koue en kliniese finansiële redes met ’n winsmotief. Dir is ook ’n saak met emosie dié. En dan is daar die enorme uitwerking op personeel wat afgelê moet word wat deur die maatskappy voorsien word én die sosiale en kulturele gevolge vir gemeenskappe.

’n Mens kan net wonder of Media24 wel alle opsies oorweeg het. Is daar gekyk na die formaat, verspreiding en frekwensie van uitgawes? Is lesers getoets oor prysverhogings en die geleidelike infasering van aanlyn platforms?

Media24 is gebou op die sukses van Afrikaanse koerante. Maar dit is nou dieselfde lojale Afrikaanse gemeenskap wat in die steek gelaat word. Dit is tragies.

● *Bosman is die hoofsekretaris van die Afrikanerbond. Die menings in dié artikel weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/jan-bosman-lojale-lesers-so-versaak-20240626